Januarie

www.Aalwyn nuusbrief .co.za

2021

Baie dankie vir jou waardevolle bydrae tot die Aloe Ferox-familie! Ons sien uit daarna om saam hoër hoogtes te bereik in 2021. Glo en vertrou op God en Hy sal jou lei.

INGREDIANTE 101

V ***Is daar 'n basis ("base") waarvan die verskillende produkte vervaardig word?***

A Nee, Aloe Ferox gebruik geen basis nie. Al die persoonlike sorg-produkte word in die Aloe Ferox-fabriek in Albertinia van farmaseutiese graad ingrediante vervaardig. *BATH OIL* bv. bevat 8 onderskeie olie-oplosbare ingrediante en *MOISTURIZING DAY* op sy beurt 20 olie- en 8 water-oplosbare ingrediante.

V ***Is al die ingrediante van plantmateriaal afkomstig?***

A Daar heers huidiglik groot verwarring rakende terme soos natuurlik, organies, plantgebaseerd, ens. Die term "natuurlik" word amper altyd as veilig en/of 100% plantmateriaal beskou, waar "chemies" amper vanselfsprekend as gevaarlik en skadelik beskou word. *Beide die persepsies is natuurlik totaal onakkuraat!* Natrium Chloried (gewone tafelsout) bv. is 'n chemiese stof, tog is dit (in matigheid) essensieel. So ook het navorsing al bewys dat die veiligheid van natuurlike middels, selfs dié wat oor baie jare heen al gebruik word, nie vanselfsprekend is nie. Menige moderne wetenskaplike studies toon dat die aktiewe komponente van verskeie botaniese ekstrakte, wat al vir duisende jare gebruik word, ernstige toksiese nadele inhou. *Vervolg op volgende bladsy*.

INGREDIANTE 101

Vervolg: Is al die ingrediante van plantmateriaal afkomstig?

Die persoonlike sorg-produkte wat deur Aloe Ferox vervaardig word, word verryk met varsgeperste aalwynsap, afkomstig van grootskaalse, organiese aalwynbewaringsprojekte wat jare gelede deur Sampie (een van die stigterslede) geloods is. Dié sap is suiwer en 100% natuurlik: "Farm to shelf", met feitlik geen verlies aan vitamiene of minerale nie.

Maar nee, nie al die ingrediante wat in die Aloe Ferox-produkte voorkom, is plantaardig nie. Sommige ingrediante is sintetiese polimere, wasse, bevogtigers, preserveermiddels, ens. 'n Goeie voorbeeld hiervan is stealiensuur (stearic acid). Volgens Wikipedia is stealiensuur 'n versadigde vetsuur met 'n 18-koolstofketting. Dis 'n wasagtige vaste stof met dié chemiese formule: $C_{17}H_{35}CO_2H$. Navorsing het bewys dat stealiensuur waterverlies op die oppervlak van die vel teëwerk, asook die sebumlaag van die vel help versterk. Dit word beskou as 'n uitstekende bestanddeel ten spyte daarvan dat dit 'n chemiese stof is.

V *Hoeveel aalwyn is in die Aloe Ferox-produkte?*

A Die meeste besighede wat aalwyn inkorporeer in hul velsorgprodukte, maak gebruik van die Amerikaanse Aloe Vera-plant. Die samestelling van die Aloe Vera-plant is nie presies dieselfde as die Suid-Afrikaanse *Aloe ferox*-plant nie. Aloe Vera-blaarsap word gewoonlik teen 0.5% tot 2.5% gebruik. Besighede wat egter die Suid-Afrikaanse plant gebruik, verkies 'n verpoeierde weergawe van die plant, en dan gewoonlik ook teen minder as 2%.

FEIT

Ons glo dat varsgeperste aalwynsap aansienlik meer voordele vir die vel inhou as gedroogde aalwynpoeier. Elk van die Aloe Ferox-produkte bevat verskillende persentasies varsgeperste aalwynsap – 5% tot byna 100%. Die hoeveelheid aalwyn word voorgeskryf deur die funksie van elke produk, die verlangde velkontaktydperk vir voldoende absorpsie, en die sinergistiese balans t.o.v. ander bestanddele.

V *Bevat enige van die produkte mineraalolie?*

A Ja, sommige produkte bevat mineraalolie. Minerale olie is 'n kleur- en reuklose olie wat van petroleum afkomstig is en algemeen in velsorgprodukte voorkom. Onthou, ten spyte van die assosiasie met petroleum, is dit steeds 'n natuurlike bestanddeel wat diep vanuit die aarde afkomstig is. Na suiwering, staan dit bekend as mineraalolie USP/BP (kosmetiese en farmaseutiese gehalte), wat geen ooreenkoms meer met die oorspronklike petroleum het nie. Mineraalolie word beskou as een van die veiligste en mees bevogtigende bestanddele wat bestaan en bekend is daarvoor dat dit 'n baie doeltreffende velbevogtiger is. Aloe Ferox gebruik slegs mineraalolie wat USP (United States Pharmacopeia) of BP (British Pharmacopeia)-graad gesertifiseerd is.

V *Bevat ALOE FEROX JUICE (WHOLE-LEAF ALOE JUICE) enige suikers?*

A Die lemoen- en bosbessiegeursels ("cranberry") wat in *ALOE FEROX JUICE* voorkom, is kunsmatig of "Nature Identical". Hierdie geurmiddels bevat geen allergene of suikers nie en is GAO-vry. Dit voldoen aan al die wetlike vereistes van die wet op voedingsmiddels, skoonheidsmiddels en ontsmettingsmiddels van Suid-Afrika. Die pepermentgeursel is natuurlike pepermentolie. Die soeterige smaak van *ALOE FEROX JUICE* is afkomstig van stevia-ekstrak.

verspreideropleiding

Ons bied tans weekliks aanlynkursusse aan. Die sessies is baie leersaam en duur slegs ’n halfuur. Kontak ons by marketing@af.co.za of 028 735 8100 vir meer inligting oor die onderwerpe wat gedek word, sowel as die beskikbare tydgleuwe. Ons vriendelike personeel sal jou selfs bystaan met die opstel daarvan.

Powered by zoom



BELANGRIKE KENNISGEWING

MEMORISEER & GEBRUIK ALTYD JOU VOLLEDIGE VERSPREIDERKODE TYDENS ALLE KOMMUNIKASIE MET ONS.

GEBRUIK ’N BESTELVORM OM BESTELLINGS TE PLAAS.

MEMORISEER & GEBRUIK ALTYD DIE PRODUKTE SE KORREKTE OF AMPTELIKE NAME.

GEBRUIK SLEGS HOË KWALITEIT ADVERTENSIES EN KUNSWERK VIR AL JOU AANLYN- EN GEDRUKTE BEMARKING. VRA DIT GRATIS AAN BY DESIGN.IT@AF.CO.ZA

TIMELESS™ Flawless

Kragtige pigmentasie-behandeling met 4 aktiewe bestanddele wat pigmentasie teëwerk.

1. ***Darkout™*** bevat gesuiwerde ekstrakte van *Hypoxis rooperi rhizome*, wat algemeen bekend staan as sterblom en ryk is aan hipoksosied. Hipoksosiede verminder die produksie van melanien in hiperreaktiewe melanosiete en bewerk sodoende ’n egaliger veltoon.
2. ***Melavoid™*** is ’n aktiewe fraksie van *Boerhavia diffusa*-wortels, en staan algemeen bekend as punarnava. Dit werk die aanvanklike pigmentasie-meganismes teë, verminder melanogene aktiwiteit en het egalige veltoon en verminderde velvlekke tot gevolg.
3. ***TEGO® Pep 4-Even*** is ’n Tetrapeptide-30-oplossing (aminosuursekwensie Proline – Lysine – Glutamiensuur – Lysine; PKEK), wat aktief is by alle veltipes. Dit verminder hiperchromatiese kolle sigbaar en verhelder die vel. Dit kan ook akneeletsels verminder en melasma op etniese vel verlig.
4. ***Licorice Root*** (dropwortel) versteur die werking van ensieme wat melanienproduksie aktiveer. Dit voorkom toekomstige hiperpigmentasie terwyl dit die bestaande donker kolle op die vel verlig. Dropwortel is ’n kragtige anti-inflammatoriese middel wat swelling en rooiheid kan verminder en velherstel aanhelp vir ’n meer egalige veltoon.

Nou wie sou ooit kon droom dat skoon hande so 'n omstrede onderwerp kon word! Die waarheid egter is dat die vermindering van mikrobiese aktiwiteit op jou hande nie 'n saak is waaroor meeste mense besorg was of regtig aandag aan gegee het nie. Is daar werklike bewyse dat skoon hande meer voordelig is? Ja, daar is, vra maar jou huisdokter!

Die mediese professie is verstom oor die massiewe fokusverskuiwing sedert die aanvang van die Covid-19-pandemie – feitlik niemand is die afgelope maande geteister deur moeilikheidmakers soos verkoue en griep nie, wat bevestig dat gereelde handewas en sanitering wel voordelig is. 'n Groot nadeel egter is dat gereelde handewas en sanitering tot droë vel lei. Een van die primêre doelwitte tydens die ontwikkeling van *ALOE SANITISER* en *HAND SANITISER SPRAY* was om veluitdroging tot 'n minimum te beperk.

ALOE SANITISER maak gebruik van verskeie ingrediante om mikrobiese aktiwiteit te bekamp, en *HAND SANITISER SPRAY* is 'n eenvoudige, hoë alkoholinhoud saniteerder. Beide produkte is baie effektief, maar tog sag op die vel.

Saniteerstasies (toegerus met *HAND SANITISER SPRAY*) is strategies deur al die Aloe Ferox-geboue geplaas. Ons personeel, wat minstens 20 tot 30 keer per dag saniteer, kan getuig van die effektiwiteit van die produk, sowel as hul sagte hande. *HAND SANITISER SPRAY* word verpak in 2 ℓ-plastiekbottels met proppe en kan dus maklik in kleiner behouering oorgegooi word. Wenk: Die spreipompie van huishoudelike skoonmaakmiddels behoort maklik op die *HAND SANITISER SPRAY* te pas.

Moenie van *PEARLY JASMIN HAND WASH* vergeet nie! Dit ruik lieflik en afgesien van die feit dat dit nie teen-mikrobiese bestanddele bevat nie, is dit steeds 'n uiters effektiewe handreiniger wat vuilis, kieme en virusse wegwas. Die spuitpomp is baie gemaklik en die produk kan dus enige plek gebruik en geplaas word.

Onthou ook om jou hande gereeld met *HAND CREAM* te bevogtig. *HAND CREAM* bevat verskeie botaniese olies soos appelkoos-, avokado-, klapper- en jojobaolie. Dit bevat ook vitamien E en lanolienolie – 'n hoogs gesuiwerde, farmaseutiese graad olie, vervaardig van die natuurlike was wat in die wol van geskeerde skape voorkom. Lanolien keer dat water vanaf en vanuit die vel verdamp. Dit is veral voordelig vir ekseemverwante veltoestande en help om die genesing van kleinerige skrape, snye, brandplekkies en velirritasies te versnel.

GEWIGSVERLIES UITDAGING

Aloe Ferox loods die 2de gesonde leefstyl, gewigsverlies-uitdaging op die 1ste Maart 2021. Die uitdaging sal oor 'n periode van 3 maande strek. Registrasie begin op 18 Januarie 2021. Registreer aanlyn by www.aalwyn.co.za/wlc of versoek 'n registrasievorm van wlc@af.co.za Die meegaande A5-gewigsverliespamflet bevat meer inligting.